UNIVERSITY OF CAMBRIDGE LOCAL EXAMINATIONS SYNDICATE
in collaboration with
MINISTRY OF BASIC EDUCATION, SPORT AND CULTURE, NAMIBIA
International General Certificate of Secondary Education

**FIRST LANGUAGE AFRIKAANS** **0512/01, 0557/01**

Paper 1 Reading and Directed Writing

October/November 2003

**2 hours**

Additional Materials: Answer Booklet/Paper

**READ THESE INSTRUCTIONS FIRST**

If you have been given an Answer Booklet, follow the instructions on the front cover of the Booklet.
Write your Centre number, candidate number and name on all the work you hand in.
Write in dark blue or black pen on both sides of the paper.
Do not use staples, paper clips, highlighters, glue or correction fluid.

Answer **all** questions.
Care in the use of language and sentence construction will count in your favour.
The number of marks is given in brackets [ ] at the end of each question or part question.
At the end of the examination, fasten all your work securely together.

**LEES EERS HIERDIE INSTRUKSIES**

Indien jy 'n vraestel/antwoordboek ontvang het, moet jy die instruksies op die voorste bladsy uitvoer.
Skryf jou sentrumnommer, kandidaatnommer en naam op al die stukke wat jy gaan inhandig.
Skryf met 'n donkerblou of swart pen in die spasies wat op die vraestel voorsien word.
Moenie krammetjies, skuifspelde, glanspenne, gom of flaterwater gebruik nie.

Beantwoord **alle** vrae.
Versorging van taalgebruik en formulering sal in jou guns tel.
Die aantal punte word tussen hakies [ ] aan die einde van elke vraag of deel van 'n vraag gegee.
Maak seker aan die einde van die eksamen dat jou werk stewig vasgemaak is.

This document consists of **7** printed pages and **1** blank page.

SP (SC) S42678/3
© MBESC Namibia 2003
University *of* Cambridge
Local Examinations Syndicate

**Afdeling 1**

Lees die onderstaande leesstuk aandagtig deur en beantwoord dan die daaropvolgende vrae:

**LEESSTUK 1**

# Dis ons Dido daai

Ons sit soos twee wafferse "ladies who lunch" by 'n gesellige tafeltjie buite een van die grootste boekwinkels in die Victoria & Alfred Waterfront, E.K.M. Dido en ek. Sy effe teruggetrokke, maar net aanvanklik, veral toe ons tjop-tjop uitsorteer ons praat dieselfde taal, ons "besig" nie groot woorde soos *marmalade* om mense te beïndruk nie…

"Hoe voel dit, Dido?" vra ek. "Daar staan jou boeke in dié eksklusiewe winkel tussen die groot kanonne in die Afrikaanse letterkunde en ek het gaan loer, hulle het jou hele "oeuvre' in voorraad!"

Dis vir haar lekker, sê sy. Lekkerder as lekker. "Dit gee my skoon hoendervleis."

Ek verkyk my aan haar, dié vrou met die Mona Lisa-glimlag. Haar ken is trots gelig, maar sonder 'n sweempie arrogansie. *What a strong sense of self*, dink ek. Hier is 'n vrou wat wéét wie sy is én met genoeg durf om die netelige kwessie van kleurvooroordeel binne die bruin gemeenskap kaalvuis te takel in haar skryfwerk.

Die verskyning van haar eerste boek, *Die storie van Monica Peters*, in 1996, getik met twee vingers op 'n ou Brothers-tikmasjientjie, een van daardie plattes, het 'n groot omwenteling in haar lewe veroorsaak. Skielik was sy "die eerste swart vrou" wat in Afrikaans publiseer. "Dit was 'n helse identiteitskrisis gewees. Ek was g'n swart nie, maar ook nie Khoi of San nie. Wie was ek dan?"

Dit was die begin van 'n salwende soeke na identiteit. Haar taal het sy immers teruggevind, 'n taal wat sy voor die publikasie van *Monica Peters* nie meer as 'n vriendelike taal beskou het nie, daarom dat dié boek aanvanklik in Engels geskryf is. Haar enigste dogter is geskool by nonne, ook in Engels, maar veral omdat Bybelonderrig 'n integrale deel gevorm het van die kurrikulum. Sy wás darem 'n werkende ma.

Eers twee jaar later, op 'n reis na Nederland en België, tussen anderlandse mense wat geen ag geslaan het op velkleur nie, kry sy die antwoord.

"Ek staan een oggend in 'n museum in Amsterdam, klein voor my Skepper, omring deur die eeue oue prag en praal, toe ek skielik verstaan wie ek is, wat ek is. Ek is allereers Dido. Dan 'n Suid-Afrikaner. Ek is swart, ja, ek kan tog nie my gemengde bloed ontken nie. Ek is Khoi en San – en nog baie meer. En ek is trots daarop.

Dis haar eie rok daardie, die tradisionele Transkeise rok wat pryk op die voorblad van haar jongste roman, *'n Stringetjie blou krale*, spesiaal deur haar skoonsuster vir haar gemaak, die krale al die pad van Lady Frere se wêreld. Sy het grootgeraak in Tsomo, in die hartjie van die Transkei, daar tussen Nqamakwe en Cofimvaba. Dis hier waar sy – een van 13 kinders – haar morele waardes geleer het. Hoe haar ma dit reggekry het, weet sy nou nog nie, maar dis by hulle ingedril, álmal van hulle: Hou by jou beginsels, verruil dit vir niks ter wêreld nie. Dit was haar kompas, is dit nog steeds, en vandag probeer sy dit vir ander leer, sê dié eertydse dosent in etos en professionele praktyk by die Nico Malan-verpleegsters-kollege.

Verpleging was van kleins af 'n roeping, maar ai, dinge het te veel verander … Nou verkies sy om onafhanklik te skryf en konsultasiewerk te doen, maar veral verrig sy gemeenskapsdiens. Ek begin dié gevoelsmens verstaan: Haar brein span sy in om haar innerlike krag te aktiveer, haar hart maak sy oop om dié wat sy liefhet te onderskraag, en daar gaan nie 'n dag verby dat sy nie haar knieë voor haar Vriend buig nie.

'n Mens het sekerlik krag nodig vir die sake waarvoor sy haar nou geroepe voel, maar veral haar diens aan senior burgers beteken ook vir háár baie. Die matrone noem dit groepterapie, maar vir E.K.M. Dido is dit emosionele terapie.

"Ek kry hulle weg van die stoele waarop hul lankvergete drome begrawe lê, en hulle berei my voor vir my oudag. Oor hoe ek die kersvet op net die regte temperatuur moet het om dit op my bolip en ken te sit as die hormone begin

opdroog en die baard sy verskyning maak…"

Maar lank voor dit gebeur, lê daar nog baie skryf voor vir hierdie vrou wat in *'n Stringetjie blou krale* ongedwonge daarin slaag om vir ons 'n intieme blik op die tradisionele Xhosa-leefwyse te gee. En sy droom van 'n dag "wanneer die liefde vir inheemse boeke soos 'n veldbrand deur die land sal versprei; en al my mense dit sal kan bekostig om met geleesde boeke op hulle *sideboards* te spog".

Bron: *Insig* – Februarie 2001

Vir die beantwoording van vrae 1-6 moet jy slegs die letter **A**, **B**, **C** of **D** neerskryf om aan te dui watter antwoord die beste pas.

**1** Die woord eksklusief beteken:

**A** Uitsondering

**B** Baie modern

**C** Baie vernaam

**D** Uitsluitend [1]

**2** Die uitdrukking "tussen groot kanonne" beteken tussen

**A** groot boeke.

**B** groot mense.

**C** groot oorlogswapens.

**D** belangrike skrywers. [1]

**3** Dui die alternatief aan wat nie pas nie. "Sonder 'n sweempie arrogansie" beteken sonder

**A** enige teken van aanmatiging.

**B** om enigsins hoogmoedig te lyk.

**C** om ander minder erkenning te gee.

**D** om inbreuk te maak op ander se reg. [1]

**4** 'n Netelige kwessie is 'n

**A** moeilike saak.

**B** belangrike saak.

**C** brandende saak.

**D** geheimsinnige saak. [1]

**5** Waar het Dido begrip gekry van wie sy werklik is?

**A** Amsterdam

**B** België

**C** Transkei

**D** Suid-Afrika [1]

**6** Waar het Dido grootgeword?

- **A** Tsomo
- **B** Lady Frere
- **C** Cofimvaba
- **D** Nqamakwe [1]

**7** Wat beteken: 'What a *strong sense of self*'? [1]

**8** Wat maak Dido so besonder in Suid-Afrika? [2]

**9** Watter werk het sy gedoen voordat sy bekend geword het? [2]

**10** Waarmee hou sy haar tans besig? [3]

**11** Beskryf kortliks in 'n paragraaf hoe jy Dido as mens leer ken uit hierdie artikel. [6]

[Totaal : 20]

**Afdeling 2**

Lees die onderstaande leesstuk aandagtig deur en beantwoord dan die daaropvolgende vrae.

**LEESSTUK 2**

# 'Ons kinders is opgebruik'

**AL MEER TIENERS GAAN NA SIELKUNDIGES.**
**AL MEER PROBEER SELFMOORD PLEEG.**
**LEONI BENGHIAT HET GAAN VASSTEL WAT IS FOUT.**

Ek het al probeer selfmoord pleeg omdat die lewe vir my net te veel geraak het. Nou gaan ek vir berading om te probeer cope.

"My ouers steur hulle nie eintlik aan my nie. Hulle is so besig met hul eie lewe dat hulle soms skoon vergeet ek is ook daar. Ek is nou wel al 17, maar soms wil ek net met hulle gesels oor my probleme. Maar ek kan nie, want ons is glad nie na aan mekaar nie.

"Ek is baie besig met my skoolwerk, want ek moet sorg dat ek 'n beurs kry. Boonop is ek nogal goed in atletiek en moet elke vakansie en naweek oefen. As ek dit nie doen nie, sak ek uit die span. Ek het geen tyd vir myself nie.

"Die *peer pressure* by die skool is baie erg. Baie van my vriende drink graag en die meeste rook dagga. Ek wil dit nie doen nie, maar ek wil ook nie die *odd man out* wees nie. Wat moet ek doen?"

So gesels Johan, 'n tienerseun van Potchefstroom. En volgens sielkundiges is hy net een van die groeiende aantal tieners wat die afgelope paar jaar na sielkundiges stroom. Hoewel akkurate syfers ontbreek, is sielkundiges dit eens dat daar die afgelope vier jaar 'n skerp toename was in tieners wat sielkundige hulp soek.

Life Line SA ontvang jaarliks minstens 16 500 oproepe van tieners wat hulp soek of net met iemand oor hul probleme wil gesels. Tienerlyn, 'n krisishulplyn wat in 1992 begin is, verskaf 'n luister- en beradingsdiens wat drie jaar gelede elke maand sowat 250 oproepe gekry het. Deesdae is dit ver oor die 300, sê die koördineerder, Magriet Visser.

Verhoudings is een van die grootste probleme waarmee tieners te kampe het. Ander sluit in swangerskappe, satanisme en dwelms.

Maar jongmense het nog altyd hul unieke probleme gehad. Wat het nou verander?

"Die tradisionele middelklasgesin het verdwyn. Ouers het net nie meer die tyd nie. Hulle is so besig met hul eie lewe dat die kinders meestal aan hulself oorgelaat word," sê Melodie de Jager, 'n opvoedkundige sielkundige van Johannesburg.

Daar is volgens haar verskeie faktore. "Die hele ding van geloof en die invloed wat die kerk op die middelklasgesin gehad het, is besig om uit te sterf. Tradisionele waardes en norme vervaag en daar is niks om dit te vervang nie."

Meer en meer kinders word deesdae in enkelouergesinne groot vanweë die hoë egskeidingsyfer. Meer as 46 000 minderjarige kinders word elke jaar deur nuwe egskeidings geraak.

"Van 1994 af het die rolmodelle baie verander. Die gesagstrukture het verdwyn, ook in gesinne, veral omdat daar baie meer enkelouergesinne is.

"Die gebrek aan 'n vaderrol het 'n groot skuif na geëmansipeerdheid teweeg gebring. Veral seuns ondervind nou identifiseringsprobleme omdat die pa afwesig of te sag is en die ander gesagstrukture verdwyn het. Daar is nie meer voorbeelde vir kinders nie. Ouers het beheer oor hul kinders verloor en daarom soek hulle toenemend ontvlugting in dwelms en alkohol."

Minstens 3,8 miljoen skoolkinders – een uit elke drie – eksperimenteer elke jaar met dwelms. Een uit elke ses raak verslaaf daaraan. Sielkundige hulp aan tieners tussen 12 en 18 jaar met dwelmprobleme het die afgelope agtien maande met 38% toegeneem.

Lucia du Preez, direkteur van gesondheid in Noordwes, meen vandag se tieners het baie meer probleme as hul voorgangers. "Hulle is baie meer moedeloos oor die toekoms en veral van st. 8 af sien hulle nie vir hulself 'n

beroepstoekoms nie. Akademies is die druk op hulle ook onbillik hoog. Daar is al meer kinders wat tien of elf vakke neem in vergelyking met ses ‘n paar jaar gelede.

Verder is die kinders van vandag baie meer blootgestel aan die gevolge van ons weggooisamelewing en onbillike portuurdruk soos dwelms, sokkies en *raves*. Ons tieners is opgebruik.”

Sy meen egskeidings is nie so ‘n groot probleem soos “flentergesinne” nie waar elkeen sy eie gang gaan. “Met flentergesinne is daar glad nie ‘n ondersteuningsgroep by die huis nie. Ma en Pa kan steeds by die huis wees, maar hulle het niks of baie min met die kinders te doen.”

By die Chris Hani-hospitaal buite Johannesburg word elke jaar minstens 700 tieners gespreek wat probeer selfmoord pleeg het.

Suid-Afrika se tienerselfmoordsyfer is op sewe na die hoogste in die wêreld uit 33 ontwikkelde lande met 6 selfmoorde vir elke 100 000 kinders.

“Tieners het in dié tyd baie ondersteuning nodig,” sê dr. Karel Potgieter, ‘n opvoedkundige sielkundige van Bloemfontein. “Dit gebeur dikwels dat ouers nie bewus is daarvan dat hul kinders probleme het nie. Dis dus lewensnoodsaaklik dat daar goeie kommunikasie tussen ouers en hul tieners is,” sê hy.

Bron: *Insig* – Junie 2001

**1** Maak ‘n opsomming van nie meer as **200** woorde nie oor moontlike redes waarom tieners sielkundige berading nodig het en soms selfmoord oorweeg. [20]

**2** Jy het ‘n vriend(in) wat allerhande probleme ondervind en baie depressief is. Jy ag dit jou plig om met hom/haar daaroor te gesels omdat jy bang is hy/sy oorweeg dalk selfmoord.

Skryf nou die gesprek tussen julle twee in ongeveer **250** woorde. [20]

**BLANK PAGE**